Week 5 - Die Bewys

Deur die Eeue het die mens altyd gesoek na een of ander teken of bewys vir die vervulling van profesie.
2Kon 20:8 *Toe vra Hiskia vir Jesaja: "**Wat is die teken** dat die Here my sal gesond maak en dat ek oormôre weer na die huis van die Here toe sal gaan?"*

Reeds al in Jesus se tyd het die mense bevestiging gesoek

1. JESUS SE VERWYSING NA SY DOOD (GRAF) - as bewys
"'n Slegte en afvallige geslag vra 'n teken, en geen teken sal aan hulle gegee word nie, behalwe die teken van die profeet Jona.
Mat 12:38-39

2. JESUS VERWYS NA SY OPSTANDING - *- "Breek hierdie tempel af en in drie dae sal Ek hom oprig."* **Joh 2:18-19**

3. JESUS VERWYS NA SY WERK OP AARDE as bewys- …
"*Maar Ek het getuienis wat nog gewigtiger is as dié van Johannes. Die werk wat die Vader My gegee het om te voltooi en waarmee Ek nou juis besig is, lê oor My getuienis af en bevestig dat die Vader My gestuur het.* **Joh 5:35-36**

4. **JESUS SE LEWE– die HEMELSE BROOD**
…. "Dít verseker Ek julle: Dit is nie Moses wat vir julle die brood uit die hemel gegee het nie, maar dit is my Vader wat vir julle die ware brood uit die hemel gee. **Joh 6:30-32**

5. JESUS SE WAARSHUWING DAT ONS NIE DIE VERKEERDE TEKENS GLO en NAJAAG NIE
Mat 24:3-5 *Nadat Jesus op die Olyfberg gaan sit het, kom die dissipels alleen na Hom toe en vra: "Sê vir ons, wanneer sal hierdie dinge gebeur en wat sal die teken van u koms en van die einde van hierdie wêreld wees?" Jesus antwoord hulle: "Pas op dat niemand julle mislei nie.*

MENSE VAN GELOOF soek nie"TEKENS" of BEWYSE van die Beloftes van God nie. Hebreërs se skrywer sê die volgende **Heb 11:1** *Om te glo, is om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie.* Paulus skryf in **2Ko 5:7** *want ons lewe deur geloof, nie deur (aanskouing) te sien nie.*

MAAR GOD SE GENADE IS SO GROOT DAT HY WEL BEREID ID OM ONS SEKERE TEKENS of BEWYSE te gee. .
Paulus skryf – 1Ko 2:4 *Die boodskap wat ek verkondig, het julle oortuig, nie deur geleerdheid en welsprekendheid nie, maar deur die kragtige werking van die Gees.*
2Ko 13:3 *Julle soek mos 'n bewys dat Christus deur my praat. Hy tree nie swak op teenoor julle nie, maar bewys sy krag onder julle,*

Speaking in tongues can be described as …. A SPONTANEOUS UTTERANCE OF WORDS INSPIRED BY THE HOLY SPIRIT by using the normal voice organs.

Dag 29 – SPREKE IN ANDER TALE

HIER moet ons dit baie duidelik stel dat ons weet dat TALESPRAAK is **NIE die ENIGSTE TEKEN (bewys)** dat mense vervul is met die Heilige Gees nie; maar daar is onomwonde bewys dat dit in meeste gevalle die **EERSTE TEKEN/BEWYS** was dat mense wel die Doping in die Heilige Gees ontvang het.

Jesus Sê self in Mar 16:17 *Die volgende wondertekens sal voorkom by dié wat glo: in my Naam sal hulle bose geeste uitdrywe; **in ander tale sal hulle praat**;*

Waar mense ookal gevul is met die Heige Gees , EKSPLISIEF (DAADWERKLIK) of by IMPLIKASIE (d.w.s BEDUIDEND) was talespraak teenwoordig.

1. EKSPLISIEF:

Die tekens wat **Markus 16:17** van praat is sigbaar in die volgende gevalle

1. **Han 2:4** *Almal is met die Heilige Gees vervul en hulle het in ander **tale begin praat** soos die Heilige Gees dit aan hulle gegee het om onder sy leiding te doen.*
2. **Han 10:45-46** - *Toe die Joodse gelowiges wat saam met Petrus gekom het, hoor hoe die mense ongewone tale of klanke gebruik en God prys, was hulle baie verbaas dat die Heilige Gees as gawe uitgestort is ook op mense wat nie Jode is nie…..*
3. **Han 19:6** - *Paulus het hulle ook die hande opgelê. Toe het die Heilige Gees op hulle gekom, en hulle het ongewone tale of klanke gebruik, en hulle het geprofeteer.*

2. BY IMPLIKASIE;

1. **Paul** – Ek spreek meer in tale as julle almal…impliseer dat Paulus die Gawe van Tale ontvang het toe Ananias hom hande opgele het – **Hand 9:17**
2. **Hand 8** - IMPLISEER – dat SIMON die towenaar- moes iets GESIEN of GEHOOR het wat gemaak het dat hy bereid was om die GAWE TE KOOP .

Daar is 3 verskillende bevestigings van talespraak

1. As ‘n private GEBED of LIED van ons tot God (nie verstaanbaar deur onsself of ander nie)

1Kor 14:2 *Iemand wat ongewone tale of klanke gebruik, praat nie met mense nie, maar met God. **Niemand verstaan hom nie**, want deur die Gees sê hy onbegryplike dinge.*

1 Kor 14:14 …. *want as ek ongewone tale of klanke gebruik wanneer ek bid, dan bid my gees, maar **my verstand is nie daarby betrokke nie**.* Lees ook**: Rom 8:26-27**

2. As ‘n GEBED/LIED/BOODSKAP , nie verstaanbaar deur enigeen nie, maar as dit UITGELê word, stig dit die gemeente

1Kor 14:13 *Daarom moet hy wat ongewone tale of klanke gebruik, bid om die gawe om **dit te kan uitlê,***

1Kor 14:27 *Wat die ongewone tale of klanke betref, net twee of hoogstens drie moet dit praat, elkeen op sy beurt, **en daar moet een wees wat dit uitlê.***

3. **As ‘n GEBED/LIED of BOODSKAP nie self verstaan nie, maar wel verstaanbaar vir iemand anders**

Han 2:8 " Hoe hoor elkeen van ons dan sy eie moedertaal?

Dag 30 – 10 REDES HOEKOM EK IN TALE MOET PRAAT

Hier volg 10 redes hoekom ek met die Heilige Gees vervuld moet word en dan in tale te kan praat

1. **VERTROULIKE EN PRIVATE GESPREK MET GOD: -**
1 Kor 14:2 *Iemand wat ongewone tale of klanke gebruik, praat nie met mense nie, maar met God. Niemand verstaan hom nie, want deur die Gees sê hy onbegryplike dinge*.

Slegs God wee twat ons sê, en die Woorde word deur die Heilige Gees gegee. Sodoende is ons besig om GOD SE WIL te bid..

2. **STIG JOUSELF:**
1 Kor 14:4 - *Die een wat ongewone tale of klanke gebruik, bou net homself op, maar die een wat profeteer, bou die gemeente op. Die een wat ongewone tale of klanke gebruik, bou net homself op* **(Meer in Dag 31)**

3. **BOU JOUSELF OP IN GELOOF**
Judas 1:20 *Julle, geliefdes, moet egter voortgaan* ***om julle lewe te bou*** *op julle allerheiligste geloof. Bid altyd deur die krag van die Heilige Gees.*

4. **DIE KERK FUNKSIONEER AS EEN LIGGAAM**

1 Kor 14:5 - *Ek sou graag wil hê dat julle almal ongewone tale of klanke gebruik, maar nog liewer dat julle profeteer*

1Kor 14:26 *Hoe moet dit dan wees, broers? Elke keer as julle bymekaarkom, het elkeen gewoonlik 'n bydrae om te lewer: 'n psalm, 'n onderwysing, 'n openbaring, 'n ongewone taal of klank, 'n uitleg daarvan. Sorg dan* ***dat alles tot opbou van die gemeente verloop.***

5. **DIE DUIWEL KAN NIE ONS GEBEDE TEENSTAAN NIE**,
1 Kor 14:2…. *Niemand verstaan hom nie, want deur die Gees sê hy onbegryplike dinge.*

Ons lees in Dan 10:12-13
Hy sê toe vir my: "Moenie bang wees nie, Daniël, want van die eerste oomblik af dat jy jou ingespan het om insig te kry en jou voor jou God verootmoedig het, is jou gebede verhoor. Ek het gekom in antwoord op jou gebede. Die engel van die Persiese ryk het my een en twintig dae lank teruggehou, maar toe het Migael, een van die vernaamste engele, my te hulp gekom en ek was nie meer nodig teen die Persiese konings nie.

6. WYSE VAN VOORBIDDING / HELP MY GEBEDSLEWE :

Rom 8:26 *Die Gees staan ons ook in ons swakheid by: ons weet nie wat en hoe ons behoort te bid nie, maar die Gees self pleit vir ons met versugtinge wat nie met woorde gesê word nie.*

1 Kor 14:14- *want as ek ongewone tale of klanke gebruik wanneer ek bid, dan bid my gees, maar my verstand is nie daarby betrokke nie.*

7. TALE is 'n MANIER VAN LOFPRYSING en AANBIDDING - Han 2:11 …. *ons hoor hulle in ons eie tale praat oor die groot dinge wat God gedoen het."*

Han 10:46 *hoor hoe die mense ongewone tale of klanke gebruik en God prys,*

1 Kor 14:15 *- Hoe moet dit dan wees? Só, dat ek met die gees moet bid, maar ook met die verstand. Ek moet met die gees die lof van die Here sing, maar ook met die verstand.*

8. MY TAAL KAN ANDER MENSE TOT BEKERING BRING – **1 Kor 14:22** *o is die gebruik van ongewone tale of klanke dan 'n teken vir ongelowiges en nie vir gelowiges nie. Daarteenoor is die profesie vir gelowiges en nie vir ongelowiges nie.*

Han 2:11 *Jode sowel as heidene wat die Joodse geloof aangeneem het, Kretensers en Arabiere—ons hoor hulle in ons eie tale praat oor die groot dinge wat God gedoen het."*
Han 2:12 *Hulle was almal verbaas en uit die veld geslaan. Party het vir mekaar gevra: "Wat kan dit tog beteken?"*

9. **WYSE VAN GEESTELIKE OORLOGVOERING**: - Daar is oorweldigende bewys dat mense wat in Talespreek se deurbrake vinniger gekom het. En waar mense in Tale gebid het; het demone vroeer uitgegaan.

Efe 6:18 *Doen dit alles biddend en smeek God by elke geleentheid deur die Gees. Wees waaksaam en bid gedurig vir al die gelowiges.*

10. TALESPRAAK **skep 'n ATMOSFEER** waar God kan wandel en werk en Homself openbaar.

Verder is Talespraak 'n sigbare bewys dat die Gees van God in my woon en my lewe beheer , dit dien as bewys dat Jesus Christus uit die dod opgewek is en aan die regterhand van die Vader sit., **(Hand 2:33)** , dit dien ook as **bevestiging van die profesie** in **Jes 28:11-12** *Hy sál in die vervolg met dié volk praat met stotterende woorde, in 'n vreemde taal. Hy het vir hulle gesê: Die rus moet hier wees, gee hier vir die vermoeide rus, hier is die plek vir vrede! Maar hulle wou nie luister nie.*

Dag 31 – BOU DIE KERK

1Kor 14:4 *Die een wat ongewone tale of klanke gebruik, bou (STIG) net homself op, maar die een wat profeteer, bou die gemeente op.*

AMPL – 1Co 14:4 *He who speaks in a [strange] tongue **edifies** and improves **himself**, but he who **prophesies** [interpreting the divine will and purpose and teaching with inspiration] **edifies** and improves **the church** and promotes growth [in Christian wisdom, piety, holiness, and happiness].*

GRIEK S– "oikodomeo" – om huis te bou / to *be* a ***house builder***, to *construct* , to *confirm:* - to build ,to edify, to embolden.

Ons moet EERS onsself STIG (Liggaam, Siel en Gees), voordat ons die GEMEENTE (GOD SE FAMILIE) kan STIG :

1Kor 14:2 *Iemand wat ongewone tale of klanke gebruik, praat nie met mense nie, maar met God. Niemand verstaan hom nie, want deur die Gees sê hy onbegryplike dinge.*

Dit is waarom Jesus Sy dissipels geleer het om eenkant alleen te gaan bid…

Mat 6:6 *….as jy bid, gaan na jou kamer toe, maak die deur toe en bid tot jou Vader wat jy nie kan sien nie. Jou Vader wat sien wat verborge is, sal jou beloon.*

Jesus Homself het kort kort onttrek om tyd met die Vader te spandeer en sodoende Homself te STIG voordat Hy bedien het en wonderwerke verrig het.

Matt 4:12 ; Matt 14:13 ; Luk 5:16 ; Luk 22:41

Selfs al sou ek nie weet WAT om te bid nie, bid die Heilige Gees deur my wanneer ek in Tale spreek.

Rom 8:26 *Die Gees staan ons ook in ons swakheid by: **ons weet nie wat en hoe ons behoort te bid nie,** maar die Gees self pleit vir ons met versugtinge wat nie met woorde gesê word nie.*
En God, wat die harte deurgrond, weet wat die bedoeling van die Gees is, want Hy pleit, volgens die wil van God, vir die gelowiges.

Die BYBEL moedig ons "OPOU" /"STIGTING" aan.

Jud 1:20 *Julle, geliefdes, moet egter voortgaan om julle lewe te bou op julle allerheiligste geloof. Bid altyd deur die krag van die Heilige Gees.*

Wanneer ons opgebou is in die geloof, dan alleen kan ons ander stig en bemoedig:

1Kor 14:3 *Iemand wat profeteer, rig hom tot mense en praat woorde wat **geestelik opbou en bemoedig en vertroos**.*
Die een wat ongewone tale of klanke gebruik, bou net homself op, maar die een wat profeteer, bou die gemeente op. Ek sou graag wil hê dat julle almal ongewone tale of klanke gebruik, maar nog liewer dat julle profeteer. Die een wat profeteer, is van groter betekenis as die een wat ongewone tale of klanke gebruik, tensy hy dit ook uitlê sodat die gemeente daardeur opgebou kan word.

Many people think, "building themselves up, is hard work

Prayer : Lord help me be a church builder, by making sure I am always strong in the Lord . *Thank you Lord for giving us tongues as a building instrument in our lives*

Dag 32 – WEES 'N GETUIE

Han 1:8 *Maar **julle sal krag ontvang** wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my **getuies wees** in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld."*

Grieks—"martus" = 'n getuie / a *witness* - 'n martelaar / "martyr": - to give record, om te getuig / to witness.

Stefanus was die eerste "martelaar" vir Jesus - Han 7:59 *Terwyl hulle vir Stefanus stenig, het hy geroep: "Here Jesus, ontvang my gees!"*

IS ONS GEWILLIG OM TE STERF VIR WIE/WAT ONS IN GLO.?"

Soos Sadrag, Mesag, en Abednego in Dan 3:17 - *Ons het ons God vir wie ons dien. Hy het die mag om ons te red uit die brandende oond, en Hy sal ons ook red uit u mag.*

Selfs as Hy dit nie doen nie, moet u weet dat ons u god nie sal dien nie, die goue beeld wat u laat oprig het, nie sal aanbid nie."

JESUS Sê DIE VOLGENDE:

Luk 6:38 ***GEE JOU LEWE!!****; Gee, en vir julle sal gegee word: 'n goeie maat, ingestamp, geskud en propvol, sal hulle in julle hande gee. Met die maat waarmee julle meet, sal ook vir julle gemeet word."*

Luk 17:33 *Elkeen wat sy lewe probeer behou, sal dit verloor, maar elkeen wat (BEREID IS OM) dit (TE) verloor, sal dit behou.*

PAULUS SE GETUIENIS:

Gal 2:20 ek is saam met Christus gekruisig, en nou is dit nie meer ek wat lewe nie, maar Christus wat in my lewe. Die lewe wat ek nou nog hier lewe, leef ek in die geloof in die Seun van God wat sy liefde vir my bewys het deur sy lewe vir my af te lê.

Han 10:39-41 "*En **ons is getuies** van alles wat Hy in die Joodse land en in Jerusalem gedoen het. Hulle het Hom doodgemaak deur Hom aan die kruis te hang. Maar God het Hom op die derde dag uit die dood opgewek en Hom laat verskyn, nie aan die hele volk nie, maar net aan ons vir wie God reeds gekies het om getuies daarvan te wees, ons wat ná sy opstanding uit die dood saam met Hom geëet en gedrink het. Hy het ons opdrag gegee om aan die volk te verkondig en te bevestig dat dit Hy is wat deur God aangestel is as Regter oor lewendes en dooies.*

TWEE ASPEKTE IN ONS GETUIENIS :

1. **PREDIKING** – Ons het 'n opdrag om die Evangelie (Goeie Nuus) te VERKONDIG – **Jes 61:1 ; Luk 4:18 ; Mark 16:15 ; Rom 1:1**
2. **GETUIENIS LEWERING** – Jou getuienis is die beste Evangelisasie-gereedskap om ander te bereik vir die Here ; Om ander te vertel wat God VIR JOU gedoen het. – **Hand 2:40** ; **1Joh 4:14**

Open 1:2 *wat **getuig het** van die woord van God en die getuienis van Jesus Christus **alles wat hy gesien het**…Who **bare record** of the word of God, and of the **testimony** of Jesus Christ, and **of all things that he saw**.*

***Prayer** : Thank you Father for giving me the Power to be a witness, to preach the Good news and to Testify of all the GOOD THINGS YOU have done in my life , Lord help me to stand firm in my confession. Amen*

: Lord, I am so thankful
hat You have sealed and
eed me! Forgive me for
mes when I speak badly of
judge and condemn
or put myself down in front
rs. I should be proud of
ankful for who I am,
e the blood of Jesus has
d and redeemed me. You
convinced that I was free
cts that You sealed me
ur Spirit, giving me Your
seal of approval. Help me
ate the great work You
one inside me! I pray this
s' name!

The demonstration of Power also serves as PROOF of the Baptism in the Holy Spirit

_____

_____

_____

_____

_____

_____

Jam 5:14-15 *Is any sick among you? let him call for the elders of the church; and let them pray over him, anointing him with oil in the name of the Lord: …. And* ***the prayer of faith shall save the sick****, and the Lord shall raise him up; and if he have committed sins, they shall be forgiven him.*

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

Prayer : Thank you father for the Power of God in our lives and that we do not have to impress people by using fancy words, but that we can confirm your word by the demonstration of your "dunamis" miracle working power.

Dag 34 – DEMONSTRASIE VAN KRAG

1Kor 2:4 *Die boodskap wat ek verkondig, het julle oortuig, nie deur geleerdheid en welsprekendheid nie, maar deur die kragtige werking van die Gees. Dus is julle geloof nie op die wysheid van mense gegrond nie, maar op die krag van God.*

Die Gees het in die OU TESTAMENT oor die gesalfdes van God, vaardig geword in demonstrasie van Krag, soos bv: …
MOSES …See laat skei - **Ex 14:22**; bitter water soet gemaak - **Ex15:25**; water uit rots laat vloei- **Num 20:11 etc**
ELIA – wonderwerk van die meel en die olie ; **1 Kings 17:16** - Seun uit die dood opgewek – **1 Kings 17:22** – Vuur op die Altaar voor Baal-profete – **1 Kings 18:37**
ELISA – Water geskei - **2 Ki 2:14** ; Waters genees – **2 Ki 2:22** ; Vallei vol water gemaak – **2 Ki 3:20** ; Raised child from the dead - **2 Ki 4:35** ; Naaman gesond gemaak – **2 Ki 5:14**
Hoeveel te meer moet ons nie opereer in 'n Demonstrasie van Krag aangesien die Gees (PERMANENT) IN ons woon.
Die belofte aan ons ; *"sal Ek van my Gees uitstort op alle vlees"* (**Hand 2:17**). …. *"**ALLE VLEES**"* is beperk tot **alle gelowiges** wat die naam van die Here aanroep.
1Kor 4:20 leer ons - want die koninkryk van God bestaan nie in woorde nie, maar in krag.
Mar 16:17-18 ***En hierdie tekens sal hulle volg WAT GLO ….;***
1. *In My Naam sal hulle **duiwels uitdryf**; - Matt 9:33; Mark 1:34 ; Mark 7:26; Matt 10:8 ; Mark 3:14-15; Luk 11:20 ;*
2. *met **nuwe tale sal hulle spreek**; - Soos ons alreeds gesien het in Hand 2; Hand 10:46 ; Hand 19:6*
3. slange sal hulle opneem; en as hulle iets dodeliks drink, sal dit hulle geen kwaad doen nie; - **Soos met Paulus gebeur het in Hand 28:3-6** ….. *They kept expecting him to drop dead, but when it was obvious he wasn't going to, they jumped to the conclusion that he was a god!*
4. *Hulle sal **hande op die siekes lê**, en hulle SAL gesond word. – Demonstrasie van krag deur die Apostels* – (Hand 3:6) **Petrus en Johannes** ; (Hand 5:16) **Petrus** (Hand 6:8) - **Stefanus**, (Hand 8:6-13) **Philipus** (Hand 14;9 ; Hand 19:11; Hand 20:10 ; Hand 28:8) **Paulus:**

ONS HET GAWES ONTVANG - "***GOD GEE*** *"…Aan die een gee Hy die krag om wonders te doen, aan 'n ander die gawe om te profeteer, en aan nog 'n ander die gawe om tussen die geeste te onderskei. Aan nog een gee Hy die gawe om ongewone tale of klanke te gebruik en aan 'n ander om dit uit te lê.* **(1Kor 12:10)** *En in die kerk is daar mense aan wie God 'n bepaalde taak gegee het. Ten eerste is daar apostels, ten tweede profete, ten derde leraars; verder is daar dié wat wonderdade kan doen, dan dié wat genadegawes ontvang het om mense gesond te maak, om hulp te verleen, om leiding te gee of om ongewone tale of klanke te gebruik.* **(1Kor 12:28) DIE KERK IS VERONDERSTEL OM 'n KRAG DEMONSTRERENDE VERGADERING VAN MENSE TE WEES.**

Dag 35 – ANDER GAWES VAN DIE GEES

Alhoewel TALESPRAAK, die EERSTE sigbare of hoorbare teken was, dien die ANDER GAWES ook as BEWYS (bevestiging) dat ons VERVUL is met die HEILIGE GEES;

DIE 4 HOOF KATEGORIEE VAN GAWES/BEDIENINGE

1. MANIFESTASIES VAN DIE GEES - 1 Kor 12:8-10

Elke gelowige het AL hierdie gawes wanneer hulle gedoop word in die Gees. Maar as God ons gebruik, word slegs 'n mengsel van sekere Gawes deur ons gemanifesteer.

GAWE VAN OPENBARING	WOORD VAN WYSHEID
	WOORD VAN KENNIS
GAWE VAN KRAG	GAWE VAN GELOOF
	GAWE VAN HEELING
	WERKING VAN KRAGTE
GAWE VAN KOMMUNIKASIE	GAWE VAN PROFESIE
	SPREEK IN TALE
	UITLEG VAN TALE

2. BEDIENINGE VAN DIE GEES - 1 Kor 12:28

1 Kor 12:28 in die kerk is daar mense aan wie God 'n bepaalde taak gegee het. Ten eerste is daar apostels, ten tweede profete, ten derde leraars; verder is daar dié wat wonderdade kan doen, dan dié wat genadegawes ontvang het om mense gesond te maak……..	APOSTELS
	PROFEET
	LEERAARS
	WONDERWERKE
	GAWE VAN HEELING
	HELPER
	ADMINISTRASIE
	TALE

3. GENADE GAWES - Rom 12:3-8

1Pet 4:10 … As goeie bedienaars van die veelvoudige genade van God moet elkeen, namate hy 'n genadegawe ontvang het, die ander dien.	PROFESIE
	BEDIENING - 1 PET 4:10
	LERING - COL 3:16
	VERMANING– 1 THES 5:11,14
	UITDEEL / GEE - LUKE 6:38
	LEIDING/BESTUUR / VOORGANGER
	BARMHARTIGHEID - LUKE 6:36

4. TOERUSTING VAN GELOWIGES– Eph 4:8-14 – OOK BEKEND AS DIE 5 VOUDIGE BEDIENING

Efe 4:11 En dít is die "gawes" wat Hy "gegee het":apostels, profete, evangeliste, en herders en leraars.	APOSTELS - 1 TIM 1:1
	PROFETE -
	EVANGELISTE -
	HERDERS/ PASTORS -
	LEERAARS – 2 TIM 2:2

5. ANDER GAWES - ongedefinieer

Hand 7:60	MARTELAAR
1 Kor 7:7 -8	SELIBAAT
Psalm 150:3-5	MUSIEK
1 Pet 4:9	GASVRYHEID
Exodus 31:3	SPESIALE WERKE

GEBED: Vader , Dankie dat U aan ons elkeen 'n bediening gegee het , Ons is gemaak , gered en geroep vir 'n spesifieke taak, maar om dit effektief te doen moet ons hierdie bedizening uitleef. Help ons om die mengsel van Gawes te ontdek wat deur ons spesifieke bedieninge moet werk. AMEN

SELGROEP MATERIAAL – WEEK 5

WELKOM:
AANBIDDING:
WOORD:

1. Wat, volgens jou was die hoogtepunt van die afgelope week se materiaal en hoekom? _____
2. Het jy al jou bediening ontdek ? Watter Gawes het jy ontdek om deur jou te vloei?.
3. BINNEKORT HERDENK ONS die HEMELVAART van JESUS. **LEES**: **Hand 1:9-11**. **WAT WAS DIE IMPLIKASIES** ?

- **Jesus se DOEL is duidelik gemaak** – Jesus het gekom om SONDAARS te red en vry te maak; NIE op aardse troon te sit nie . **Joh 3:17; Joh 12:46 ; Joh 18:37 ; Luk 1:32; Matt 19:28**
- **TEENWOORDIGHEID , Werklik gemaak** – die deur is oopgemaak vir die uitstorting van die Gees, **Joh 16:7**. Gees kon nou nie net te alle tye op alle plekke wees nie; maar Hy kon gelykertyd DEUR elke gelowige werk, vervulling van die profesie in **Joh 14:12**.
- **SY PLAN – Verstaanbaar gemaak** – God se reddingsplan sluit al 3 persone van Godheid in ; VADER stuur ; die SEUN sterf ; die GEES oortuig -, **Joh 16:7-11**.
- **die PRYS - Volkome gemaak** – Die werk van diedie SEUN was nie afgehandel totdat Hy nie opgevaar het en SY Plek in Heerlikheid geneem het nie. - **Heb. 10:11-17**.

'n PAAR WAARHEDE AANGAANDE DIE PLEK WAT JESUS INNEEM:

A. **Hy is die GEKRUISIGDE** - Joh 20:27; Open. 5:6; Sag. 13:6. - Heb. 10:12-13; Heb. 9:11-14.
B. **Hy is die OORWINNENDE** - Kol. 2:13-15. Efes. 4:8
C. **He Is The Consoling One** -, Joh 16:7. Efes. 4:8; 1 Kor. 12.
D. **Die EEN wat BELY** -, Matt.10:32, 1Tim.2:5, Joh 14:6.,1John 2:2., Rom.8:34; Heb.7:25.
E. **Die EEN wat BEVESTIG** -, Efes. 2:6! 1Kor.12:13; Kol. 1:27., Efes. 1:13-14.; Heb. 6:18-20!
F. **Die EEN wat OPDRAG GEE** – Hand 10:36.
G. **Die EEN wat VERVUL** – John 14:1-3.. Open. 21-22.
H. **Die EEN wat WEER KOM** – Joh 14:1-3; Hand 1:11; 1 Thes. 4:16-18; 1 Kor. 15:51-54; 1 Joh 3:1-3.

DIE IMPLIKASIES VIR ONS AS GELOWIGES

A. **ONS BEDIENING** –**Hand 1-2**. **Hand 1:8**. **Hand 17:6**. Net gedoen wat die Here hulle beveel het in **vers 15**., **Matt. 28:19-20**.; **Hand 13:48**.
B. **ONS MEESTER** – "ons ***medewerker***" 1 Kor. 12:13; Gal. 4:6; Rom. 8:9., Heb. 13:5; Matt. 28:20.
C. **ONS MOTIVERING** –verse 17-18. **2 Kor. 5:17**.- Die Hemelvaart het die deur oopgemaak vir ons om te volg.

DANK JESUS VIR SY HEMELVAART